

## Logos Gemeente van Christus

### Die groot menigte en die 144000

Op 7:1-17

21 Junie 2020

In hoofstukke 4 en 5 het ons na die hemelse troonvisioen gekyk waardeur Jesus aan ons bekend wil maak wat hierna moet gebeur. In die visioen het ons gesien dat die Lam die Een is wat waardig is om die seëls van die boekrol in die hand van die Vader oop te maak. Laasweek het ons in hoofstuk 6 gesien dat die oopmaak van die eerste 4 seëls gepaard gaan met die swaarkry hier op aarde. Met die 5de seël het ons gesien dat diegene wat getrou gebly het in hierdie swaar tye na hulle afsterwe in die hemel is, waar hulle onder andere vra: “Hoe lank nog voor U ons dood wreek en die oordeel voltrek?”. Met die 6de seël het ons die benarde situasie gesien waarin ongelowiges verkeer wanneer die oordeelsdag wel eventueel aanbreek. Heel aan die einde van hoofstuk 6 het hulle die vraag gevra: “Wie kan dan staande bly?”.

En nou kom ons by hoofstuk 7. Mens sou verwag het dat hoofstuk 7 ‘n beskrywing sal wees van die oopmaak van die 7de seël. Maar dit is nie – dit moet wag tot hoofstuk 8. In plaas daarvan lees ons ‘n beskrywing van twee groepe mense: Vers 1-8 beskryf vir ons die sogenaamde 144000, en verse 9-17 nog ‘n groep, die sogenaamde groot menigte in die hemel. Let op, hierdie twee groepe word juis beskryf direk na die vraag: “Wie kan dan staande bly?”. Is een, of albei, hierdie groepe mense dalk die antwoord op daardie vraag? Wie is hierdie groepe wat hier beskryf word? Veral as ons oor die 144000 praat, is daar baie opinies in ons tyd. Wie is hulle?

Ons gaan vandag hieraan aandag gee. Maar ek gaan die volgorde omdraai. Ek gaan eers begin deur te kyk na wie die groot menigte is, en daarna kom ons terug om te kyk na wie die 144000 is.

#### Die groot menigte (Op 7:9-17)

Johannes sien in ‘n visioen ‘n groot menigte. Kom ons kyk na hoe hy hierdie groot menigte beskryf:

- Volgens vers 9 is hierdie menigte so groot dat niemand dit kon tel nie. Daar was dus baie.
- Vers 9 maak dit ook duidelik dat hierdie menigte afkomstig is uit elke nasie, stam, volk en taal. Ek glo julle snap direk dat hierdie ‘n leidraad is oor wie die menigte kan wees.
- Vers 9 gaan verder en sê het voor die troon en voor die Lam gestaan. Dit gryp natuurlik terug na die visioen van hoofstuk 4-5. Hierdie menigte is dus in die hemel.
- Boonop het hulle wit klere aangehad (ook vers 9). Hier is ‘n verdere leidraad:
  - Ons het met die 5de seël gelees van die afgestorwe gelowiges wat in die hemel was en ook wit klere gedra het.
  - Boonop het Op 3:5 alreeds aangedui dat die wat die oorwinning gaan behaal ook sulke wit klere gaan dra.
  - Ons het ook al gesien dat diegene wat toegelaat sal word tot die bruilofsmaal van die Lam helder klere gaan dra, en dat hierdie klere simbool is van die geregtigheid wat hulle ontvang het en uitlewe.
  - Boonop lees ons in Op 7:14b dat hierdie klere wit gewas is in die bloed van die Lam.
- Steeds volgens vers 9, het hulle palmtakke gedra.
  - Dit laat ons teruggedink aan die Loofhuttfees (Lev 23:40-43). Tydens hierdie fees het die volk in palmtakhutte gewoon en terug gedink aan hoe God hulle bewaar het tydens hulle tog deur die woestyn op pad na die beloofde land.

- Verder dink ons natuurlik ook aan Jesus se intog in Jerusalem (Joh 12:13) toe die mense Hom besing het as die Koning wat kom.
- Hulle kom ook uit die groot verdrukking, volgens vers 14. Wel, dit was ok waar van die mense in die 5de seël met die wit klere aan – hulle was doodgemaak omdat hulle aan die Woord vasgehou het.
- Hulle dien God dag en nag in Sy tempel – In Op 5:10 het ons gelees dat die mense wat losgekoop is uit elke stam, taal, volk en nasie juis ‘n koninkryk en priesters gemaak is, en priesters verrig tog juis hulle diens werk in die tempel.

Ek glo dit is duidelik wie hierdie groot menigte in die hemel is – dit moet die gelowiges wees deur die loop van die eeue, wat na hulle afsterwe, in die hemel is voor God se troon. Hulle is in afwagting op die volle heerlijkheid wat nog moet kom, soos ons laasweek ook gesien het in die 5de seël. Kyk hoe word dit hier beskryf in verse 15b-16: God sal by hulle bly, sal nie meer honger en dors wees nie, die son sal hulle nie brand nie, hulle sal kan drink van die fontein met die lewende water, en God sal hulle tranes afdroog. Gaan lees Op21:3-4 en 22:1 en dan sal jy sien dit is ook wat van die Nuwe Jerusalem gesê word. Ons het m.a.w. hier ‘n beskrywing van wat soms beskryf word as die Triomferende Kerk.

Maar let op wat sê vers 9: “hulle staan voor die troon en die Lam”. Onthou hoofstuk 6 se vraag: “Wie sal staande kan bly?” Die antwoord is: die groot menigte in die hemel!

#### Die 144000 (Op 7:1-8)

Kom ons keer nou terug na die 144000 wat in verse 1-8 beskryf word, om vas te stel van wie hier gepraat word. Vers 1 maak dit duidelik dat Johannes 4 engele gesien het wat by die vier hoeke van die aarde gestaan het. Die eerste belangrike ding om raak te sien, is dat hierdie toneel nie in die hemel afspeel soos wat ons in vers 9-17 gesien het nie, maar wel hier op aarde. Boonop, die vier hoeke van die aarde moet beteken dat die hele aarde ter sprake is. Hierdie 4 engele hoe egter 4 winde terug, sodat daar geen wind op die aarde, see of teen enige boom waai nie. Ons ken wind, dit kan baie destruktief wees – vers 2 onderstreep dit. Om te verstaan waarna die 4 winde verwys, moet ons teruggaan na Sag 6:1-5. Hier lees ons dat Sagaria 4 strydwaens gesien het wat elkeen deur perde getrek was. Maar hierdie perde het verskillende kleure gehad: bruin, swart, wit en skimmels. Dit laat ons onwillekeurig teruggedink aan die eerste 4 seëls wat ook met perde van verskillende kleure geassosieer was. Sagaria gaan verder en in vers 5 (lees OAV) word die perde beskryf as winde van die hemel. Hierdie 4 winde wat verwoesting gaan aanbring, is dieselfde as die 4 perde in die eerste 4 seëls wat verwoesting op aarde bring, maar wat bestuur word vanuit die hemel.

Volgens verse 2-3 is daar nog ‘n ander engel ter sprake. Hy kom vanuit die ooste met die seël van die lewende God, en beveel hierdie 4 engele by die uithoeke van die aarde om hulle winde voorlopig terug te hou, want die dienaars (letterlik slawe) van God moet eers op hulle voorkoppe gemerk word met hierdie “seël van die lewende God”. Vanuit vers 4-8 word dit duidelik dat die aantal dienaars van God wat met hierdie seël gemerk is, is 144000, en dat die 144000 dienaars bestaan uit 12000 dienaars van elk van die 12 stamme van Israel.

Dit alles gee aanleiding tot twee vrae:

- Wat is die “seël van die lewende God” waarmee hulle gemerk word en wat is die doel daarmee?
- Wie is die 144000 dienaars wat gemerk word?

Om dit te verstaan, moet ons na ‘n paar ander gedeeltes in sie Skrif gaan:

- Op 4:1-5
  - In vers 1 lees ons ook van 144000 mense, en boonop is daar ook iets op hulle voorkoppe: die Naam van die Lam en die Naam van die Vader. Dit sou dus net redelik wees om die gevolgtrekking te maak dat die seël waarvan Op 7 praat dieselfde is as die Naam van die Lam en die Vader.
  - Volgens vers 3 sing hierdie mense 'n nuwe lied. Onthou, ons het al in die verlede die opmerking gemaak dat 'n nuwe lied gewoonlik verwys na 'n lied wat verlossing as inhoud het. Let ook op waar sing hierdie 144000 hierdie lied: hulle sing dit voor die troon en die 4 lewende wesens en die 24 ouderlinge. Maar dit is dan presies wat ons gelees het in Op 7:9-10 waar die groot menigte in die hemel ook sing, en die inhoud van die lied wat hulle sing is oor hulle redding – dus 'n nuwe lied! Let ook op dat Op 14:3 duidelik sê niemand anders kan die lied leer nie – wat weereens baie sterk suggereer hierdie 144000 is dieselfde mense as die groot menigte van Op 7.
  - Volgens verse 3 en 4 is hierdie 144000 losgekoop vanaf die aarde en ook losgekoop as eerstelinge vir God en die Lam. Boonop is hulle getroue volgelinge van die Lam, wat kuis gebly het en onberispelik is. Dit herinner ons onwillekeurig aan die mense waarvan ons in die 5de seël gelees het wat getrou vasgehou het aan die Woord van God en die getuienis van die Lam, en na hulle dood was hulle siele in die hemel.
- Op 5:9b
  - Hier lees ons van die nuwe lied wat die ouderlinge gesing het toe die Lam die boekrol uit die Vader se hand geneem het. Hulle sing van die redding van mense wat deur die bloed van die Lam losgekoop is (onthou die 144000 in Op 14 is ook losgekoop), en boonop kom hierdie mense uit elke stam, taal, volk en nasie – maar dit was ook waar van die groot menigte in Op 7:9!
- Op 3:12
  - Hier lees ons van die mense wat die oorwinning gaan behaal. Hulle het onder andere ook die Naam van die Vader en die Lam se nuwe Naam op hulle – maar dis ook waar van die 144000 in Op 14. Hierdie 144000 in Op 14 moet dus die wees wat die oorwinning behaal het.

Opsommend: Die 144000 in Op 7 moet tog sekerlik dieselfde mense wees as die 144000 in Op 14 – beide is tog 144000. Die 144000 in Op 14 is dieselfde mense as die groot menigte in Op 7. Hulle is ook die mense wat in die 5de seël beskryf is. Hulle is ook die mense wat uit elke stam, taal, volk en nasie kom. Hulle is die mense wat getrou bly aan God se Woord tydens hulle lewe hier op aarde, en wat eventueel die oorwinning behaal. Die enigste verskil is dat in Op 7:1-8 word hulle beskryf nog hier op aarde, maar in Op 7:9-17 en in Op 14 is hulle reeds in die hemel, na hulle afsterwe. Die 144000 in Op 7:1-8 is die Strydende Kerk, en die groot menigte die Triomferende Kerk.

Maar hoekom word hulle beskryf as 'n spesifieke getal, naamlik 144000? Wat ons moet raaksien, is dat hulle akkuraat getel en gemerk is. God en die Lam weet presies wie hulle is – en waar om hulle te kry – Hulle weet presies van watter stam is wie. Dit is 'n groot bemoediging, want in die 5de seël het ons gesien dat hulle kan rus in die wete die Lam sal sorg dat hulle almal in die hemel eindig.

Maar hoekom juis 144000? Soos wat ons met die 24 ouderlinge gesien het, moet ons onthou wat in Op 21:13-14 gesê word. Die Nuwe Jerusalem, wat weer hierdie selfde groep mense is, het 12 poorte met die name van die 12 stamme van Israel daarop, en ook 12 fundamente met die name van die 12 apostels daarop.  $12 \times 12 = 144$ . Boonop is 1000 'n volheidsgetal. Die 144000 is dus die totaal van die gelowiges uit die Ou en die Nuwe Verbond. Onthou ook dat Op 3:12 leer dat die wat die oorwinning

behaal, nie net die Naam van die Vader en die Lam op hulle het nie, maar boonop ook nog die naam van die Nuwe Jerusalem. Dit is wat hulle is.

Maar hoekom word hulle beskryf as afkomstig uit elke stam van Israel in Op 7:1-8, terwyl hulle in werklikheid uit elke stam, taal, volk en nasie kom? Ons moet onthou dat die Nuwe Testamentiese kerk beskryf word as die ware Israel. Daar is baie bewyse hiervoor – hier is maar net ‘n paar:

- Op 5:10 beskryf hierdie mense as ‘n koninkryk en priesters, soos wat Eks 19 van Israel sê en Petrus van die kerk.
- Jes 62:2 en 65:15 het al aangekondig dat daar ‘n nuwe naam op pad is, soos wat ons in Op3:12 lees wel die geval is.
- 2 Kor 6:16-18 maak Ou Testamentiese beloftes direk van toepassing op die kerk.
- Jakobus spreek sy lesers in Jak 1:1 aan as die twaalf stamme wat oor die wêreld versprei is.

Maar wat is die seël van die lewende God? Ja, dit is die Naam van God en die Lam en die Nuwe Jerusalem. Maar wat is dit? Is dit fisiese beskerming teen die winde wat gaan waai, en dus die swaar wat gepaardgaan met die eerste 4 seëls? Dit kan nie wees nie, want die 5de seël het beskryf dat hulle selfs doodgemaak word weens hulle getrouheid. Kyk na die volgende Skrifgedeeltes:

- 2 Kor 1:21-22 en Ef 1:13-14 – Hier lees ons dat gelowiges deur God gesalf is in Christus, en Hy het hulle beseël met die Heilige Gees. Aan die een kant betken hierdie seël hulle is nou God se eiendom, en aan die ander kant is dit die waarborg dat hulle ook die ander dinge sal ontvang wat God beloop het.

Hou nou die prentjie van Op 7 in gedagte: Sodra jy tot geloof in Christus kom, word jy met die seël van die Heilige Gees as eiendom van God beseël, en jy is deel van die 144000 van Op 7:1-8. Hierdie seël bewaar jou nie fisies van die winde wat gaan waai of die swaar van daardie eerste 4 seëls nie. Nee, as deel van God se eiendom, beteken dit dat jy geestelik bewaar sal word. Jy sal getrou vashou aan die Woord van God en die getuienis van Jesus. Dit beteken, soos ons in Jakobus gesien het, jy gaan hierdie toetse beproewings maak (nie versoekings nie), waardeur jy groei tot onberispelikeid – soos wat Op 14 die 144000 beskryf. Maar dis die Heilige Gees wat jou op hierdie pad bewaar – Hy is nie net by jou nie, Hy is ook in jou. Hy is ook die waarborg dat jy die dinge wat God beloop het, sal ontvang. Wat is hierdie dinge? Jy sal ook deel wees van die groot menigte in die hemel. Dit beteken dit is bloot ‘n kwessie van tyd voor jy ook met wit klere en palmtakke voor die troon en die 4 lewende wesens en 24 ouderlinge staan en sing: “Ons redding kom van ons God, wat op die troon sit, en van die Lam!”. En dan breek daardie miljoene der miljoene engele om die troon uit: “Amen! Die lof en die heerlijkheid, die wysheid, die dank en die eer, die mag en die sterkte behoort aan ons God tot in alle ewigheid. Amen!” Honger en dors sal daar nie meer wees nie. Die Lam sal as jou herder jou na die fontein met die water van die lewe lei, en God sal alle tranes afdroog. Die Heilige Gees waarborg dit! Jy is nou deel van die 144000 geseëldes, met die waarborg jy sal ook deel wees van die groot menigte in die hemel.

Kom ons gaan terug na die vraag van die ongelowiges met die aanbreek van die oordeelsdag in die 6de seël. Hulle roep uit: “Berge en kranse, val op ons en bedek ons vir die oë van Hom wat op die troon sit en vir die toorn van die Lam. Die groot dag waarop hulle die oordeel sal voltrek, het aangebreek, en wie sal staande kan bly?” Die antwoord is in Op 7:9 – die groot menigte het voor die troon en voor die Lam gestaan. Hoekom kon hulle staande bly tot die einde toe? Want hulle was geseël as God se eiendom. Hulle het ‘n waarborg gehad dat hulle staande sal bly, selfs al het hulle in die proses fisies gesterf – staan hulle steeds. Trouens, hulle staan voor die troon met wit klere aan en palmtakke in hulle hande en sing ‘n nuwe lied oor hulle redding.